

SONDAG:5

VRAAG EN ANTWOORD: 13

	Teks	1933/53-vertaling	1983/91-vertaling	
Vraag: Kan ons deur onself betaal?				
<p>Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter.</p>	1	Job 4:18-19	Kyk, in sy dienaars stel Hy geen vertrouie nie, en by sy engele ontdek Hy dwaling. Hoeveel meer by hulle wat kleihuse bewoon, van wie die grondslag in die stof is, wat fyngedruk word soos 'n mot.	In sy hemelse dienaars stel Hy geen vertrouie nie, voor Hom is selfs sy engele vol gebreke, hoeveel te meer hulle wat in huise van klei woon, mense wat uit stof opgebou is, mense wat soos 'n mot pap gedruk kan word.
	Job 9:2	Waarlik, ek weet dat dit so is; en hoe kan 'n mens regverdig wees by God?	"Ek weet dit is soos jy sê: Wie kan sy saak teen God wen?	
	Job 15:15-16	Kyk, in sy heiliges stel Hy geen vertrouie nie; ja, die hemele is nie rein in sy oë nie; hoeveel minder die afskuwelike en ontaarde, die mens wat onreg drink soos water!	As God nie eers die hemelwesens vertrouie nie en selfs die hemel nie rein is in sy oë nie, hoeveel minder 'n onrein, verdorwe mens wat boosheid indrink soos water?	
	Psalms 130:3	As U, HERE, die ongeregtighede in gedagtenis hou, Here, wie sal bestaan?	As U ons sondes in aanmerking sou neem, Here, wie sou dan nog bestaan?	
	Matteus 6:12	en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;	en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;	
	Matteus 16:26	Want wat baat dit 'n mens as hy die hele wêreld win, maar aan sy siel skade ly? Of wat sal 'n mens gee as losprys vir sy siel?	Wat sal dit 'n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry maar sy lewe verloor, of wat sal 'n mens gee in ruil vir sy lewe?	
	Matteus 18:25	En omdat hy nie kon betaal nie, gee sy heer bevel dat hy verkoop moet word, en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, en dat betaal moet word.	Hy kon dit nie betaal nie, en daarom het die koning beveel dat hy en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, verkoop en die skuld betaal moet word.	